

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Parashah 2: Noach (נח) – Noag

Hierdie is die geskiedenis van Noag. Noag was in sy tyd 'n onskuldige, opregte man met integriteit. God was tevrede met Noag. Gen. 6:9 – PWL¹

Torah: Genesis 6:9 tot 11:32.

Haftorah: Jes. 54:1 tot 55:5.

Nuwe Verbond: Matt. 24:36 tot 39; Hebr. 11:7; 1 Pet. 3:18 tot 22; 2 Pet. 2:5; Open. 14:8; 16:19; 17:1 tot 17; 18:1 tot 24.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir parashah 1 wat afgelaai kan word by: [Parashah2Notas14](#) en by [Parashah2Notas15](#).

God is no respecter of persons, but will show His hatred of sin wherever he finds it, and that He hates it most in those that are nearest to Him – Matthew Henry.

The man who remains in his sin will be damned just as surely as the sun comes up in the east and goes down in the west – A.W. Tozer

Midrash (Torah Bespreking)

'n Goeie spanningsverhaal hou die leser grootliks aan die raai tot heel teen einde waar alles eers duidelik word. Dit is soos 'n legkaart waar elke stukkie net een posisie kan beklee en elke stukkie op daardie spesifieke plek geplaas moet word om die hele prentjie te voltooi. Die doel van die lees van 'n spanningsverhaal is om by die begin te begin en dit tot die laaste

¹ PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch of kontak vir Gerrie Coetsee by padwlewe@yahoo.com

woord op die laaste bladsy te lees. Indien ons net die helfte van die boek sou lees, sal ons nooit weet hoe dit eindig nie. En indien ons slegs die einde lees, sal ons geensins verstaan waaroor die verhaal gaan nie. Dan sal ons geen insae in die karakters en die lyn van die storie hê nie!

Dieselfde geld vir die Afgesonderde Skrifte! Ons moet dit vanaf die begin (Genesis) tot die einde (Openbaring) lees. Alleenlik dan sal ons YHVH se “verhaal” van hoe Sy skepping begin het en hoe dit sal eindig verstaan!

Rabbynse Judaïsme het YHVH se “verhaal” net tot in die helfte gelees en nou probeer hulle die einde volgens hierdie beperkte kennis en insig verklaar! Daarom het Yeshua gewaarsku teen die suurdeeg, naamlik die valse (verkeerde) leringe, van die Fariseërs (Rabbynse Judaïsme) en Sadduseërs (die Karaiete)(Matt. 16:6).

“Let op na en wees versigtig vir die suurdeeg van die Fariseërs en Sadduseërs.

Paulus het ook gewaarsku dat ‘n bietjie suurdeeg die hele deeg suur maak (1 Kor. 5:6). Die suurdeeg van die Fariseërs en Sadduseërs is die verwerping van Yeshua as Messias en daarmee saam die doping met die Afgesonderde Gees. Die verwerping hiervan is valse leerstellings wat soos ‘n bietjie suurdeeg uiteindelik die hele ‘deeg’ suur sal maak om nie die suiwer waarheid te glo nie!

Bepeins of Bespreek

1. Sal jy luister na die woorde van ‘n rabbi wat Yeshua as Messias verwerp en deel is van Kabbala (Joodse geheime en mistieke leerstellings), en dan ook nog aanspraak maak op ‘n engel en die profeet Elia wat aan hom hierdie geheime kom meedeel? In sy eie woorde vertel hierdie rabbi:

"I fell into a trance. When I awoke, I heard a voice saying, 'I have descended in order to reveal the hidden secrets of the Holy King.' For a while I stood there trembling but then I took hold of myself. The voice did not cease from speaking and imparted a particular secret to me. At the same time on the second day I saw to it that I was alone in the room and the voice came again to impart a further secret to me. One day he revealed to me that he was a maggid sent from heaven, and he gave me certain yichudim (unifications) that I was to perform in order for him to come to me. I never saw him but heard his voice speaking in my mouth... Then Elijah came and imparted his own secrets to me. And he said that Metatron (the angel), the great prince, will come to me. From that time onward, I came to recognize each of my visitations. Souls whose identity I do not know are also revealed to me. I write down each day the new ideas each of them imparts to me."

Sal jy bereid wees om by so ‘n rabbi te leer – een wat nie wedergebore is nie en ook nie met die Afgesonderde Gees gedoop is nie? Is die bron van hierdie bonatuurlike gebeure YHVH-God of is die bron Satan wat hom voordoen as ‘n engel van die lig (2 Kor. 11:14)? Sal YHVH Sy engel en die profeet Elia stuur na ‘n mens wat Sy Seun Yeshua verwerp?

2. Onthou: Satan voeg net soveel leuens by die waarheid sodat dit steeds soos die waarheid lyk. Daarom is dit so maklik vir geestelike babas om mislei te word. Dit is die bietjie suurdeeg waarvan Paulus praat!

In Die Begin

Tot en met Gen. 2:25, naamlik tot voor die sondeval, was alles wat YHVH gemaak het **baie** (Hebreeus: *me'od* – uitermate; oorvloedig) **goed** (Hebreeus: *tov/tob* – aangenaam; welgevallig, doelmatig; toepaslik)(Gen. 1:31). Deur die sondeval maak die mens dit wat volmaak was, ongedaan en God stel die verlossing – die regstelling, in aksie, naamlik Yeshua Messias, om weer alles te herstel soos dit aan die begin was. Gen 3:14 en 15 is die profetiese heenwysing van daardie herstel.

Toe sê יהוה-God aan die slang: “Omdat jy dit gedoen het, is jy meer as al die vee en al die diere van die veld vervloek. Jy moet op jou maag seil en jy moet stof eet al die dae van jou lewe. Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou en tussen jou saad en haar Saad. Hy sal jou kop vertrap en jy sal Sy hakskeen byt.” (PWL).

Wanneer ons Openbaring hoofstukke 19 tot 22 lees sien ons die uiteindelijke herstel tot soos wat dit in die Tuin van Eden voor die sondeval was. Dan sal YHVH weer sê: *Alles is baie goed!!*

Die mens sou egter nie die doel verstaan het nie, naamlik die herstel van die taak en lewe van die mens in die nuwe Adam (Yeshua). Dit is dus nie deur die voorbeelde wat ons vorentoe kyk nie, MAAR dit is die plan van God waarna ons moet kyk en nou terugkyk hoe Hy in Yeshua die plan verduidelik het, dit reeds vervul het en steeds besig is om dit te vervul. Alles vanaf Genesis hoofstuk 3 tot Openbaring hoofstuk 18 is opgeskrywe as as ‘n waarkuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het (1 Kor. 10:11). Die geskiedenis van Noag is juis deel van hierdie waarskuwing en openbaring van YHVH se wil!

Yeshua se lewe en Karakter sal dus vir ons die Tanakh (ou verbond) verduidelik en nie andersom nie. Hy verduidelik die Tabernakel – nie andersom nie!!

Vader het in Sy onverdiende guns oor die eeue vir die mens op 'n fisiese manier, op Skrif, Sy plan en einddoel, wat Sy oorspronklike skeppingsdoel vir die mens was, **kom wys**. Die fisiese was nooit en moet nooit dit wees waaroor dit gaan nie. Yeshua het dit finaal in persoon kom leef soos Adam dit moes gedoen het. Nou mag ons nie teruggaan na die verduideliking en voorbereiding nie – ons het die standaard en die standaard (skietlood) is Yeshua.

Ons weet dat die einde deur die begin bekend gemaak word (Jes. 46:9 en 10), en ons moet verstaan dat die begin toe alles volmaak was, vanaf Gen. 1:1 tot Gen. 3:25 strek. Hierdie volmaakte sal weer herstel word soos wat Openbaring 19 tot 22 ons wel leer! Die tuin van Eden sal weer herstel word en die Koninkryksbeginsels wat toe gegeld het, sal dan weer geld.

Yeshua wat getuig sê: Ja, Ek kom gou! En ons sê: Amein, ja kom, Meester Yeshua!! (Open. 22:20).

Bepeins of Bespreek

1. Let op die ooreenkomste tussen die Tuin van Eden in Genesis hoofstukke 1 en 2 met die van die ‘tuin van Eden’ in Openbaring hoofstukke 19 tot 22.
 - Die tuin van Eden was YHVH se ‘tempel’, want dit het ‘n Allerheiligste (in die middel) waar die Boom van die Lewe was (Gen. 2:9) staan, asook ‘n Heiligste, naamlik die tuin aan die Oostekant (Gen. 2:8) en ‘n Binnehof, naamlik die land (Gen. 2:10 tot 14). In die nuwe Jerusalem sal daar geen tempel wees nie, want YHVH Yeshua is die tempel (Open. 21:21).

- Die tuin van Eden begin met YHVH as die Hoëpriester volgens die orde van Melgisedek soos deur Heb. 7:1 tot 3 bevestig word. Na die folterdood en opstanding van Yeshua is die priesterorde van Melgisedek heringestel met Yeshua as die Ewige Hoëpriester soos bevestig word in die brief aan die Hebreërs. Hierdie is die priesterorde wat steeds sal bestaan in die nuwe hemel, aarde en Jerusalem. Dit wat in die begin was, sal weer teen einde wees!
- Genesis begin met 'n nuwe hemel en aarde. So lees ons ook in Openbaring van die nuwe hemel en die aarde asook die nuwe tuin (Jerusalem).
- In die tuin moes die mens eet van die Boom van die Lewe en in die nuwe Jerusalem sal die wat oorwin het ook eet van Boom van die Lewe wat twaalf keer 'n jaar vrugte dra en waarvan die blare tot genesing van die nasies is (Open. 22:1 en 2).
- Daar het 'n rivier van lewende water uit die tuin van Eden gegaan (Gen. 2:10). So ook sal daar in die nuwe Jerusalem 'n rivier van lewende water vloei – helder soos kristal, wat stroom uit die troon van God en van die Lam (Open. 22:1).

Kan jy nog ander ooreenkomste identifiseer?

2. Die folterdood en opstanding van Yeshua is die belangrikste stap in YHVH se plan van herstel. Daarom dien dit vir ons as te ware as 'n nuwe begin. Diegene wat hierdie 'nuwe begin' nie aanvaar en daarvolgens lewe nie, se naam sal nie in die boek van die lewe verskyn nie!

Nie Elkeen Wat !!

Die geskiedenis van Noag herinner ons aan hierdie woorde van Yeshua:

Gaan in deur die nou hek, want die hek wat na vernietiging lei is breed en die pad wyd en baie gaan in, maar die hek is klein en die pad smal wat na die lewe lei en daar is min wat dit vind! Matt. 7:13 en 14 – PWL.

Die Torah gee geen inligting oor die getal van die wêreldbevolking in die tyd van Noag. Ons weet wel dat slegs Noag en sy huisgesin, 'n totaal van agt, YHVH se oordeel vrygespring het. Maar dit is egter baie duidelik dat in die dae van Noag was daar min wat die smal pad wat na die lewe lei gevind het.

Hierdie dien dus as 'n ernstige waarskuwing aan elkeen van ons, want Yeshua het gesê dat in die einde van dae sal dit wees soos in die dae van Noag (Matt. 24:37 en 38). Daar sal dus ook min wees wat YHVH se oordeel vry sal spring!

In Matt. 7:21 tot 23 brei Yeshua uit op Sy woorde dat *die hek is klein en die pad smal wat na die lewe lei en daar is min wat dit vind!* So lees ons dan in vers 21 dat Yeshua gesê het:

Nie elkeen wat vir My sê: Meester, Meester! Sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is. Matt. 7:21.

Het hierdie woorde van Yeshua jou al ooit laat wonder wie is hierdie *Nie Elkeen wat....??* Wie is diegene wat sal sê: *Meester, Meester*, maar wat toegang tot die koninkryk van die hemele geweier word? Het jy jouself al gevra of dit nie moontlik jy is nie? Ek het myself al dié vraag gevra en so behoort jy ook!!

Ons vind die antwoord op hierdie vraag ook in vers 22, naamlik dat diegene wat *Meester, Meester sê*, maar **nie die wil van die Vader doen nie, sal nie in die koninkryk van die hemele ingaan nie!!** Dit is dus duidelik dat slegs diegene wat Yeshua as Meester aanroep (bely), **en wat die wil van die Vader doen**, toegang tot die koninkryk van die hemele sal hê.

Die wil van die Vader is dit wat Hy bepaal het elkeen wat bely dat Yeshua die Messias is, moet doen om in die regte verhouding met Hom te kan lewe. Gehoorsaamheid aan die Vader is Sy wil en is die wyse wat die geregverdigde wat deur geloof gered is, moet lewe. Dit is elkeen se taak om seker te maak dat hy weet wat die wil van die Vader is en om dan seker te maak dat hy aan die wil van die Vader gehoorsaam is. Dit is die mens se enigste waarborg tot die ewige lewe, naamlik: Geloof in Yeshua as Messias wat gepaardgaan met gehoorsaamheid aan die Vader se wil.

Hoe seker kan ons hiervan wees? Hoe weet ons dat dit wel die vereiste is? Lees saam met my verse 22 en 23 van Matthéüs 7 waar Yeshua sê:

Op daardie dag sal baie vir My sê: 'My Meester, my Meester, het ons nie in U Outoriteit en Karakter (Naam) geprofeteer en in U Outoriteit en Karakter demone uitgedryf en in U Outoriteit en Karakter baie kragtige dade gedoen nie?' Dan sal Ek vir hulle sê: 'Ek het van die begin van tyd af nie met julle 'n verbondsooreenkoms gehad nie. Gaan ver weg van My af, julle wat teen die wet werk!' (PWL).

Hierdie woorde van Yeshua behoort elkeen wat oortuig is dat hy die koninkryk van die hemele sal ingaan, tot stilstand te ruk om ernstige selfondersoek te doen. Ons word geleer dat elkeen wat bely dat Yeshua die Meester is en wat met sy verstand, wil en emosie glo dat God Hom uit die dood opgewek het, gered sal word (Rom. 10:9 en 10). Is dit dan nie waar dat elkeen wat die Naam van die Meester aanroep gered sal word nie (Rom. 10:13)? In die lig van Matt. 7:21 is die antwoord 'Nee'! Belydenis en geloof alleen is nie voldoende om redding te verseker nie!! Matt. 7:13 tot 23 is bevestiging hiervan!!

So maklik is dit om te dink dat ons gered is, en die ewige lewe sal beërwe, wanneer ons glo en in die Naam van Yeshua profeteer en duiwels uitdryf en wonderwerke verrig. Hierdie dinge word deur gelowiges beskou as die maatstaf en bewys van redding en geregtigheid. Dit is die maatstaf waaraan geestelike leiers en gemeentes gemeet word. Tekens en wonders in die Naam van Yeshua word beskou as die bewys dat 'n persoon en 'n gemeente die wil van die Vader doen en in die regte verhouding met Hom leef, asook die bewys van geestelike herlewing. Dit veroorsaak dat talle mense hierdie geestelike leiers blindelings volg en glo dat hulle, asook as gemeente, gered is en die wil van die Vader doen.

MAAR is dit die waarheid??? **Nee, nie noodwendig nie**, want Yeshua self het gesê dat in die dag van oordeel (*daardie dag*) sal daar **baie** wees wat hulleself gaan regverdig deur te sê: *Meester, Meester, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedryf en in u Naam baie kragte gedoen nie?* Dan gaan Yeshua hulle egter antwoord: *Ek het julle nooit geken nie.* Hierdie mense het geglo dat hulle die geregtigheid van YHVH in Yeshua Messias is, maar sal op die oordeelsdag uitvind dat YHVH hulle nooit geken het nie. Hulle was dus verblind en mislei en het 'n leuen geleef en sal ook baie ander mislei. Daarom verwys Yeshua na hulle as valse profete wat in skaapsklere getooi is, maar van binne roofsugtige wolwe is (Matt. 7:15)!

Miskien vra jy nou: Maar hoe is dit moontlik? Die antwoord is ja, want in vers 23 gee Yeshua die rede vir ons, naamlik: *Gaan ver weg van My af, julle wat teen die wet werk (wat wetteloosheid bedryf!*

Yeshua sal in daardie dag – die dag van oordeel – vir baie sê dat Hy hulle nie geken het nie, want hulle het *wetteloosheid bedryf*. Die 1953 Afrikaanse vertaling lees soos volg: *Gaan weg van My, **julle wat die ongeregtigheid werk!*** Terwyl die 1983 nuwe vertaling soos volg lees: *Gaan weg van My af, **julle wat die wet van God oortree.*** Die Amplified Bible vertaal dit soos volg:

Then I will say to them openly (publicly), I never knew you; depart from Me, you who act wickedly – disregarding My commands.

Die Gevolgtrekking

Die talle mense wat op die oordeelsdag hulleself gaan probeer regverdig deur te sê: *Meester, Meester, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedryf en in u Naam baie kragte gedoen nie*, sal deur Yeshua geantwoord word dat Hy hulle nooit geken het nie en dat hulle van Hom af weg moet gaan, **want hulle het wetteloos (Torahloos) geleef. Hulle wat wetteloosheid bedryf is diegene wat YHVH se wet oortree, naamlik ongeregtigheid werk.** Dit is hulle wat YHVH se wet geminag het en dus nie YHVH se wil gedoen het nie. Dit is hulle wat glo dat hulle vry van die wet is. Hulle het dus in sonde geleef, want sonde is wetteloosheid (1 Joh. 3:4):

Elkeen wat die sonde doen, doen ook die wetteloosheid, want die sonde is wetteloosheid.

Hulle wat moedswillig ongehoorsaam aan YHVH die Vader se wil was, sal die rede wees dat nie elkeen wat Meester, Meester sê toegang tot die koninkryk van die hemele sal verkry nie. Tekens en wonders in die Naam van Yeshua is nie die kwalifiserende vereiste vir toegang tot die koninkryk van die hemele nie. **Nee, geloof in die vergifnis van sonde deur Yeshua, wat gevolg word deur 'n geloofslewe van gehoorsaamheid aan die Vader se wil, is die vereiste om die ewige lewe deelagtig te wees.**

Die wil van die Vader vir die mens op aarde is dieselfde as Sy wil wat in die hemel geld. Daarom bid ons: *Laat U wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde* (Matt 6:10). Die Vader se wil in die hemel is Sy wet, naamlik sy onderrig en instruksies (die Torah) en waarvan die Tien Woorde (Gebooie) die basis vorm. YHVH se wil in die hemel en Sy wil op aarde het nog nooit verander nie. Soos die Tien Gebooie in die hemel steeds geldig is, net so is dit op die aarde ook steeds van krag.

Volgens Yeshua se woorde in Matt. 7:21 tot 23 is dit dus baie duidelik dat elkeen wat die wet (die Torah, die wil) van die Vader soos dit in Yeshua Messias vervul is, moedswillig oortree (minag), nie in die koninkryk van die hemele sal ingaan nie!!!

Bepeins of Bespreek

1. Ons moet besef dat die poort nou en die pad smal is wat na die lewe lei en dat daar **min** is wat dit sal vind. Dit beteken dat baie min van 'n groot menigte deur die nou poort sal ingaan en op die smal weg wandel en die ewige lewe sal beërwe. Die oorgrote meerderheid sal deur die wye poort ingaan en op die breë weg wandel wat na die verderf lei. Die vraag is nou: Wie is hierdie **baie min** wat deur die nou poort die smal pad na die lewe vind?
 - Verwys die min mense na die Christene? Ek dink nie so nie, want daar is sowat 2 biljoen mense wat hulleself as Christene beskou en dit is sowat een derde van die huidige totale wêreldbevolking. Een derde kan tog nie as min beskou word nie en verder beteken die Griekse woord vir *min* (*oligos*) ook *klein* en *niksbeduidend*. Derhalwe is dit 'n sinvolle gevolgtrekking om te sê dat die *min* na wie Yeshua

verwys, is min van daardie mense wat hulself as Christene beskou. Min van die sowat 2 biljoen Christene sal dus deur die nou poort ingaan en op die smal weg van die ewige lewe wandel. Hoekom? Want die oorgrote meerderheid Christene beskou hulleself as vry van die Vader se wet – Sy Torah.

- Wat van diegene wat glo in Yeshua as Messias en Torah-gehoorsaam lewe, maar hulle glo in 'n Messias wat anders is as die getuigenis van die Skrifte van die nuwe verbond? Met ander woorde: wat van die wat die korrektheid van die Skrifte van die nuwe verbond bevraagteken omrede dit kwansuis nie met Torah ooreenstem nie? Is hulle die min wat deur die nou poort die smal pad na die lewe vind?
2. Hoe seker is jy dat jy die Koninkryk van die hemel sal ingaan? Hoe seker is jy dat jy in die regte verhouding met YHVH jou Vader leef? Hoe oortuig is jy van die leerstellings wat jy volg? Is dit nie vrae wat jy en ek voortdurend moet vra nie? Is jy deel van die min gelowiges in Yeshua wat die koninkryk van die hemel sal ingaan, of is jy deel van die baie wat mislei is en wat toegang geweier gaan word?

Hieraan weet ons dat ons Hom ken, as ons Sy opdragte uitvoer. Hy wat sê: 'Ek ken Hom' en Sy opdragte nie uitvoer nie, is 'n leuenaar en die waarheid is nie in hom nie, maar wie ook al Sy woorde voortdurend uitvoer, in hom het die liefde van God waarlik volmaak geword, want hieraan weet ons dat ons in Hom is: Hy wat sê dat hy voortdurend in Hom bly, vir hom is dit nodig om so te leef soos wat Hy geleef het. 1 Joh. 2:3 tot 6

Daarom: Laat ons elkeen ons eie heil (redding) met vrees en bewing uitwerk (Fil. 2:12).

-0-0-0-0-0-0-0-0-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shalomgroete in Yeshua Melgisedek.
Johan.

Epos: kontak@nuwelied.info

Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.